Sorg in tyd van CORONA

Riglyne vir Predikers

WAT OM TE DOEN AS JY IN KENNIS GESTEL WORD DAT IEMAND GESTERF HET?

"Hierdie is 'n baie moeilike tyd wanneer baie mense hulle lewens tragies verloor aan die koronavirus. Selfs tydens hartseer, moet ons ons geliefdes beskerm. Daar is nie 'n skool vir begrafnisse tydens Covid-19 nie. Die meeste predikers weet nie wat om te doen as dit die eerste keer gebeur nie."
- Biskop Malusi Mpumlwana, SACC

As geestelike leier speel jy 'n sentrale rol om families te ondersteun wanneer iemand sterf. Jy verskaf berading en troos tydens hierdie moeilike tyd.

In die tyd van Covid-19 moet jy egter ook families help om die regering se regulasies te volg. Die regulasies vir begrafnisse is egter nie maklik om na te kom nie!

Wanneer jy in kennis gestel word dat iemand in jou gemeente gesterf het, neem aan dat dit moontlik Covid-19 verwant is.

Neem die nodige voorsorgmaatreëls wanneer jy hulle besoek om jouself en hulle te beskerm. Almal moet 'n masker dra en hulle hande was of saniteer.

1. MAAK EERSTENS SEKER DIE FAMILIE HET:

- **Die owerhede laat weet sodat hulle die liggaam kan verwyder. Help die familie deur met die polisie en begrafisondernemer te skakel.**
- **'n Dokter gekontak wat die sterfte moet sertifiseer voor die ondernemer die liggaam verwyder.**

2. VERDUIDELIKK WAT TOEGELAAT WORD EN WAT NIE

ONTHOU!

Die regering se begranisregulasies het nie ten doel om mense se tradisionele begrafnispraktyke te minag nie. Dis daar om te keer dat die virus versprei.

- **Familielede mag die liggaam by die lykshuis of die by die ondernemer se perseel, besigtig.**
- **Familie, vriende en bure kan hulle meegevoel betoon deur te bel, WhatsApp boodskappe en gebede te stuur.**
- **Tydens Covid-19 mag geen 'umlindelo' of nagwaak, plaasvind nie.**
- **Mense mag NIE na die huis toe kom om die ligaam te besigtig nie.**
- **Mense mag NIE die huis besoek nie.**

3. HELP DIE FAMILIE OM DIE BEGRAFNIS TE BEPLAN

Hou 'n beplanningsvergadering met die familie.

- **Sit buite in die oopte om die begrafnisreëlings te bespreek en verduidelik die Covid-19 regulasies.**
- **Sit stoele ver uitmekaar buite. Almal moet 'n masker dra.**
- **Verduidelik die regulasies aan die familie.**
  Verwys hulle na die Begrafnisriglyne vir Families by churchinactoin.co.za.
- **Bespreek waar die begrafis gehou sal word.**

Almal in die lokaal moet 1.5 meter in alle rigtings uit mekaar wees. Die aantal bywoners hang dus af van die grootte van die lokaal. Geen lokaal mag egter meer as 100 mense toelaat nie. Indien moontlik is dit beter om 'n opelug diens te hou.

- **Moedig die familie aan om die begrafnis so go as moontlik te hou.**
- **Oorweeg 'n video-stroom van die begrafnis vir diegene wat nie kan bywoon nie.**

DIE BEGRAFNISDIENS

"Veiligheid eerste vir almal. My gidsvers is: 'Die gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met die krag van liefde en selfbeheersing.' (2 Timoteus 1:7)."
- Pastoor Reiner Focke

VOORBEREIDING VAN DIE PLEK VAN AANBIDDING

Jy is verantwoordelik om die plek van aanbidding waar die begrafnis gaan plaasvind, voor te berei. Lees die regulasies.

Jy moet:

- **Alle begrafnisgangers toets vir Covid-19 simptome.**
- **'n Register hou met die name, adresse en kontakbesonderhede van die gemeente.**
- **Sorg vir sitplek ooreenkomstig fisiese afstand.**
- **Verseker dat nie meer as 100 mense die begrafnis bywoon nie. Dit sluit jou en die familielede in.**
- **Seker maak daar is genoeg vooraad van saniteermiddel en handewas geriewe.**
- **Die lokaal gereeld skoonmaak.**

DIE DAG VAN DIE BEGRAFNIS

- **Gesang is so 'n tradisionele deel van 'n begrafnis. Dis egter ook 'n groot manier hoe die virus versprei. Moedig mense aan om sag in hul harte te sing. Jy kan ook 'n koor of sanger vooraf opneem en dit terugspeel.**
- **Hou die diens tot nie meer as 'n uur nie. Hoe langer mense saam vergader, hoe groter is die kans dat die virus versprei.**
- **Almal wat teenwoordig is, insluitend die wat die diens lei, moet maskers dra en fisiese afstand toepas.**
- **Geen sosiale byeenkoms of aktiwiteit word na nie begrafnis toegelaat nie.**
- **Geen slagdiere, tee, of buffet-etes word voor of na die begrafnis toegelaat nie.**
  Dis omdat jy nie jou masker kan dra en eet gelyktydig nie! Om eetgerei en koppies te deel, is ook gevaarlik.
- **Laat die familie en gaste gerus voel oor die feit dat daar nie kos bedien word nie. Dis nie 'n gebrek aan gasvryheid of teen die gees van unbuntu om geen kos te bedien nie. Dit bewys eerder jou besorgdheid teenoor die gaste in die tyd van Covid-19. Jy wil hulle beskerm.**
- **Indien iemand wat die begrafnis bygewoon het, binne 14 dae na die diens positief toets vir Covid-19, MOET hulle jou inlig.**